# Fakulteit Geesteswetenskappe

## Sentrale provinsies (Vrystaat, Noordwes en Kwazulu-Natal)

### Prof. André Duvenhage



### BIOSKETS:

**André Duvenhage** is op 18 April 1962 op Sasolburg in die Noord-Vrystaat gebore. Hy matrikuleer in 1979 aan die Hoërskool Sasolburg. As ingeskrewe student aan die PU vir CHO behaal hy die BA-graad asook die Hons. BA in Politieke Wetenskap (beide met onderskeiding). Tydens Januarie 1984 word hy aangestel as Junior Lektor aan die PU vir CHO met doseeropdrag in Ontwikkelingsadministrasie, Openbare Bestuur en later ook Staatsleer. In 1989 verwerf André 'n Magister kwalifikasie in Ontwikkelingsadministrasie.

Hy verlaat die PU vir CHO aan die begin van 1991 en word aangestel as lektor in Politieke Wetenskap aan die UOVS waar hy in 1994 sy PhD voltooi met die titel *Politieke Transformasie in Oorgangsamelewings* en word tot Senior Lektor bevorder.

Tydens 1999 inisieer André 'n nuwe akademiese program in Regeerkunde en Transformasie wat op nasionale vlak erkenning verwerf het en word gedurende 2000 bevorder tot Medeprofessor in Politieke Wetenskap. In dieselfde tyd word hy aangestel as Direkteur van hierdie program. Binne ses jaar het dié nuwe program bykans 'n honderd Magisterstudente alleen gelewer.

Hy keer teen die begin van Oktober 2006 terug na sy alma mater om die pos van Navorsingsdirekteur: Sosiale Transformasie aan Noordwes-Universiteit te aanvaar en word bevorder tot Professor. Sy professorale intreerede was getiteld – Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: 'n Strategiese ontleding en scenario analise. Tans word daar ook gewerk aan 'n

scenario projek oor die toekoms van die Afrikaner op pad na 2020. Sy akademiese spesialisarea sluit in **Politieke Teorie, Politieke Transformasie, Regeerkunde en scenario-ontledings.**

**Publikasies:**
55 Bydraes in nasionale en internasionale vaktydskrifte.(alleen of in samewerking met kollegas)

**Referate:**
32 Nasionale en internasionale akademiese referate.

**Openbare optredes (samelewingsdiens):**
Meer as 150 openbare optredes.

**Hoë profiel openbare optredes:**
Sowat 100 Optredes op nasionale vlak met verskillende instellings wat insluit staatsinstellings, veiligheidsinstellings, politieke partye, burgerlike samelewing en die korporatiewe wêreld.

**TV- en radio optredes:**
Gereelde onderhoude as politieke analis word gevoer met verskeie en uiteenlopende radiostasies SABC TV en E.TV. (Tydens 2006 is meer as 400+ onderhoude met 20+ verskillende stasies gevoer en tydens 2008 het dit verder toegeneem.)

**Internasionale betrokkenheid**:
Gedurende 2006 was hy ’n besoekende dosent aan die Universiteit van Saskatchewan in Kanada waar hy ’n akademiese kursus oor die Suid-Afrikaanse politiek aangebied het.

---

---000---

---